

In nakoming van die WET OP BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING Wet no. 4 van 2013

Ek gee toestemming dat die **NG Gemeente Middelburg-Suid** my en my minderjarige kinders se persoonlike inligting, soos deur my voorsien, mag stoor. Verder stem ek in dat die gemeente die inligting slegs sal gebruik vir gemeenteadministrasie soos, maar nie beperk tot, kommunikasie (SMS/ E-pos/ Whatsapp, telefoonoproep ens.) verjaarsdae, wyksinligting, bedieningsgroepe, kleingroepe en ondersteuningsdoeleindes. Ek verstaan dat daar soms foto's geneem word by geleentheid wat moontlik op die almanak en sosiale media kan verskyn.

Whatsapp groepe👉

Liewe Vriende,

Hiermee die amptelike kennisgewing van NG Middelburg-Suid aangaande die POPI Wet.

Neem asseblief kennis dat die POPI wet (Protection of Personal Information Act No. 4 of 2013) in werking tree op 1 Julie 2021.

Hierdie wet reguleer die stoor en gebruik van data en die oortreding daarvan kan tot kriminele vervolging lei.

Die gemeente het twee tipes groepe:


☀️ Die formele kommunikasie groepe word meestal vanuit die kantoor bestuur. Dit maak slegs kommunikasie moontlik vanaf die administrateur aan die lede. Kommunikasie van die lede word slegs deur die administrateur gesien. ☀️ Die tweede, meer informele tipe groepe bied kommunikasie tussen alle lede en is ook deur alle lede sigbaar.


☀️ Neem asseblief kennis dat indien jy aanbly op die groepe, aanvaar die administrateurs en die gemeente dat jy toestemming gee dat jy deel van die groep mag wees, en dat jou inligting (tipies name en telefoonnommers) sigbaar is vir ander. Indien jy nie wil toestemming gee nie is jy welkom om dit te verlaat, met dien verstande dat jy dan nie belangrike inligting oor die gemeente gaan ontvang nie.

**ID** Lede neem kennis dat ander lede se inligting vertroulik is en slegs vir gemeente doeleindes gebruik mag word.

Gebedsgroepe, wyke, omgegroepe, ondersteuningsgroepe maak baie keer gebruik van whatsappgroepe vir kommunikasie waar persoonlike inligting soms gedeel word. Deur aan te bly op hierdie groepe onderneem jy om verantwoordelikheid te neem vir enige persoonlike data wat jy mag deel. Jou eie en ook die van ander. Maak dus seker dat jy:

 Persoonlik toestemming het van die persoon wie se inligting jy deel.

 Dat jy duidelik in die kommunikasie noem dat jy wel die toestemming het. (Indien jy nie, bv. op die gebedsnetwerk, die persoon waarvoor gebed gevra word se toestemming kan bekom nie, maak eerder gebruik van voorletters of skuilname sodat die persoon nie identifiseer word nie - genadiglik ken die dierbare Here elkeen van ons)

 Die inligting moet noodsaaklik en tersaaklik wees tot die doel van die groep.

 Ons gebed is dat ons as

medegelowiges mekaar ook hierdeur in liefde sal dien.